

NASIENRIGLYNE

EKSAMEN		NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT	
GRAAD	12		
DATUM	NOVEMBER 2025		
VAK	REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE		
VRAESTEL	2		
PUNTETOTAAL	150		
TYDSDUUR (UUR)	3		
AANTAL BLADSYE	17		



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

FINAAL GOEDGEKEURDE NASIENRIGLYNE

VERGADERINGSDATUM	
UMALUSI-MODERATOR	
HOOFNASIENER	
INTERNE MODERATOR	



NASIENRIGLYNE

- Gaan gereeld terug na die vrae en merkriglyne gedurende die merksessie.
- Dit is raadsaam om die vraag gereeld te lees (en te herlees) saam met die kandidaat se antwoord om te verseker dat dit ooreenstem, sodat jy nie deur die kandidaat se stellings/antwoorde mislei word nie.
- Moenie op sleutelwoorde of algemene stellings fokus nie, maar lees eerder die volledige antwoord. Indien jy twyfel lees die volledige antwoord en dan die vraestel en nasienriglyne.
 - Vra jousef of die IM of HN of die antwoord by die merkriglyne 'pas' voordat die korrekte punte aan die kandidate toegeken word:
 - Byvoorbeeld, die nasienriglyne dui aan 'goedkoop' en die leerder antwoord 'minder duur'; en 'uitwis' en die kandidaat se antwoord is 'uitvee', 'verwyder', ens.
- Pasop vir oorvleuelende antwoorde vir 'n spesifieke vraag. Oor die algemeen word EEN punt per feit toegeken.
- Alle nasien moet in **rooi pen** gedoen word. Interne moderering word in **swart pen** gedoen; moderering deur SACAI word in **groen pen** gedoen terwyl Umalusi met **pers pen** modereer.
- Punte word deur 'n regmerk "✓" aangedui direk bo die betrokke sleutelwoord. In die geval van twee punte per feit moet twee regmerke "✓✓" aangedui word. MOENIE die regmerk aan die einde van die reël (sin) of paragraaf aanbring NIE. Merk verkeerde antwoorde met 'n kruis (X) of onderstreep verkeerde sinne.



AFDELING A

VRAAG 1: PAS-ITEMS			
1.1	F	✓	(1)
1.2	L	✓	(1)
1.3	I	✓	(1)
1.4	P	✓	(1)
1.5	D	✓	(1)
1.6	S	✓	(1)
1.7	O	✓	(1)
1.8	E	✓	(1)
1.9	G	✓	(1)
1.10	M	✓	(1)
			[10]

VRAAG 2: MEERVOUDIGEKEUSE			
2.1	B	✓	(1)
2.2	B	✓	(1)
2.3	A	✓	(1)
2.4	B	✓	(1)
2.5	D	✓	(1)
			[5]

VRAAG 3: WAAR OF ONWAAR

Nota aan merker: Moenie 'n punt toeken indien die sin verander is nie, slegs die onderstreepte term mag verander word indien die kandidaat aangedui het dat die stelling onwaar is.

3.1	Onwaar blaai met oortjies/veelvuldige oortjies ('tabbed browsing/multiple tabs')	✓	(1)
3.2	Onwaar, m-Leer	✓	(1)
3.3	Onwaar, 5IR	✓	(1)
3.4	Waar	✓	(1)
3.5	Onwaar, URL-verkorters ('URL shorteners')	✓	(1)
3.6	Waar	✓	(1)
3.7	Onwaar, Wiki	✓	(1)
3.8	Onwaar, Alt+F9	✓	(1)
3.9	Waar	✓	(1)
3.10	Waar	✓	(1)
			[10]

TOTAAL AFDELING A: [25]



AFDELING B

VRAAG 4: STELSELTECHNOLOGIEË			
4.1	Onvolledige opdaterings <ul style="list-style-type: none"> • Korrupte stelsellêers/verlies van data/die installasie kan onvolledig wees. • Kan die stelsel aan sekuriteit bedreigings blootstel, aangesien kritieke sekuriteit oplossings dalk nie toegepas word nie. • Die bedryfstelsel kan foute ondervind tydens die begin proses/kan lei tot stelsel onstabiliteit/stilstand, ineenstorting, of nie-reagerende stelsel. <p>Enige twee ✓ ✓</p>		(2)
4.2	Tipe verbinding <p>USB tipe C/USB-C ✓</p>		(1)
4.3	Drukker - wolk integrasie <ul style="list-style-type: none"> • Gebruikers kan dokumente vanaf wolkgebaseerde bergingsdienste (Google Cloud Print, Dropbox, Microsoft OneDrive) direk na die drukker druk. • Gebruikers kan druk take begin selfs wanneer hulle nie fisies naby die drukker/op dieselfde netwerk is nie. • Wolkdrukwerk is maklik toeganklik vanaf enige internet-gekoppelde toestel (slimfone, tablette, skootrekenaars, rekenaars). • Drukwerk kan gedoen word sonder spesifieke drywers van die toestel. <p>Enige twee ✓ ✓</p>		(2)
4.4	4.4.1	Wat is 'n beta-weergawe? <p>Die beta-weergawe van 'n program is 'n voor-vrystelling weergawe ✓ wat ontwikkelaars beskikbaar stel (aan 'n beperkte gehoor) vir toetsing en terugvoer. ✓</p> <p>Nota: Ken een punt toe vir 'voorvrystelling' en die tweede punt vir 'om die sagteware te toets'.</p>	(2)
	4.4.2	Beta weergawe versoenbaarheid <ul style="list-style-type: none"> • Verwerker (CPU) • Grafika kaart (GPU) • Geheue (RAM) • Bergingtoestel (HDD/SSD) • Netwerk (Ethernet/Wi-Fi) <p>Enige twee ✓ ✓</p>	(2)



4.5	4.5.1	<p>Meer mense gebruik webgebaseerde toepassings</p> <ul style="list-style-type: none"> • Webgebaseerde toepassings is toeganklik vanaf enige toestel (met 'n internetverbinding) • Die toepassing word in enige webblaaier gebruik/bekyk • Vereis geen instalasie nie <p>Enige twee ✓ ✓</p>	(2)
	4.5.2	<p>Dateer webgebaseerde toepassings op</p> <p>Nooit nie ✓ omdat opdaterings en nuwe eienskappe geïnstalleer kan word van waar die toepassing gestoor of uitgevoer word. ✓</p> <p>Nota: Gee slegs een punt as 'n kandidaat aandui dat die deurblaaier ('browser') dalk opgedateer moet word.</p>	(2)
4.6	<p>Hardware faktore wat SVE verwerking beïnvloed</p> <ul style="list-style-type: none"> • Interne klok/klokspoed (Frekwensie/GHz): Die tempo waarteen die verwerker se interne klok instruksies per sekonde uitvoer. • Aantal kerne: Meer kerne beteken dat meer instruksies uitgevoer kan word. • Kasgrootte ('Cache size'): 'n Groter kas kan werkverrigting verbeter deur die tyd te verminder wat die verwerker spandeer om te wag vir data/instruksies/meer data en instruksies kan gestoor word. <p>Enige twee ✓ ✓</p> <p>Nota: Ken die punt toe as kandidaat die term/name noem OF die SVE hardware faktor beskryf wat die SVE werkverrigting beïnvloed.</p>		(2)
4.7	<p>Advertensieware wat vir kwaadwillige doeleindes gebruik word</p> <ul style="list-style-type: none"> • Advertensieware buit dikwels kwesbaarhede in 'n gebruiker se stelsel of sagteware uit om toegang te verkry/kwaadwillige sagteware te installeer. • Versamel sensitiewe data van gebruikers. • Sommige advertensieware neem beheer oor 'n gebruiker se blaaier se instellings, wat lei tot blaaierkaping ('browser hijacking'). • Advertensieware versamel dikwels gebruikers se inligting, soos blaaigewoontes, soek geskiedenis of persoonlike data. • Deur advertensies te vertoon wat na skadelike webwerwe kan lei. • Vertraag die stelsel se werkverrigting. <p>Enige twee ✓ ✓</p> <p>Nota: Ken slegs een punt toe as die kandidaat aandui dat advertensieware 'n manier kan wees om ander soorte kwaadwillige sagteware te versprei.</p>		(2)



4.8	4.8.1	Komponente gekoppel aan DIMM-gleuwe Koppel die RAM/geheue ✓	(1)
	4.8.2	Komponente gekoppel aan ZIF-sok/prop Koppel die SVE/verwerker ✓	(1)
	4.8.3	Komponente gekoppel aan SATA-gleuf <ul style="list-style-type: none"> • Hardeskyf • SSD • CD/DVD-aandrywer Enige een ✓	(1)
	4.8.4	Komponente gekoppel aan HDMI Koppel 'n monitor/TV/klank en visuele toestel ✓	(1)
4.9	Hardwarekomponente wat beeldkwaliteit beïnvloed Grafika kaart/GPU ✓ Skerm/monitor ✓ Nota: Moenie 'n punt toeken vir tipe verbindings wat genoem word nie.		(2)
4.10	Blaaigeskiedenis en kas <ul style="list-style-type: none"> • Verlies van outomatiese voltooiing ('autocomplete') en voorstelle. • Verlies van gestoorde wagwoorde en data voorheen ingetik. • Verlies aan voorkeure en persoonlike inhoud. • Toegang tot sekere data sonder internet is nie moontlik nie (sekere data word in die kas gestoor). • Hoër gebruik van bandwydte (herlaai data van webwerwe af). • Soekenjins gebruik jou soek geskiedenis om meer akkurate voorstelle te verskaf. • Die uitree van deurblaai se data kan instellings en konfigurasies vir inprop programme ('plugins') terugstel. Enige twee ✓ ✓ Nota: Moenie punte toeken vir die verlies van deurblaai geskiedenis nie.		(2)
			[25]



VRAAG 5: NETWERK EN INTERNET TEGNOLOGIEË			
5.1	5.1.1	<p>NFC beskrywing</p> <p>NFC (Near Field Communication) is 'n koordlose (kommunikasie) tegnologie ✓ wat toestelle toelaat om data uit te ruil/oor baie kort afstande te kommunikeer ✓</p>	(2)
	5.1.2	<p>NFC vs Bluetooth</p> <p>Verbindingsafstand: ✓</p> <p>NFC: Werk op 'n baie kort afstand, (binne 10 sentimeter/4 duim) OF Bluetooth: Het 'n baie langer reeks, (gewoonlik tot 10 meter.)</p> <p>EN</p> <p>Oordragspoed: ✓</p> <p>NFC: Het 'n stadiger data-oordragspoed OF Bluetooth: Het baie vinniger oordragspoed</p>	(2)
5.2		<p>Voorkom onvanpaste webwerwe</p> <ul style="list-style-type: none"> • Sagteware wat inhoud filtreer. • Stel skansmuur ('firewall')-konfigurasie/roeteerder/DNS-kontroles om toegang tot sekere webwerwe of tipes inhoud te beperk. • Stel veilige soek instellings ('safe search') in deurblaaier op. • Aktiveer ouer kontrole ('parental controls') op toestelle en internet dienste. <p>Enige een ✓</p> <p>Nota: Aanvaar slegs antwoorde wat toegang tot webwerwe sal <u>verhoed</u>. Moenie antwoorde soos 'gebruik programme om internet gebruik te monitor' aanvaar nie.</p>	(1)
5.3		<p>Toestel identifikasie en doel</p> <ul style="list-style-type: none"> • Roeteerder (router'): ✓ Maak internetverbinding moontlik/maak kommunikasie tussen verskillende netwerke moontlik. ✓ • Skakelaar ('switch'): ✓ Ander toestelle koppel aan hierdie een toestel. ✓ 	(4)
5.4		<p>Kommunikasiemedium (ondersese kabel)</p> <p>Optiese vesel ✓</p>	(1)



5.5	5.5.1	<p>Voordele van wolkrugsteun</p> <ul style="list-style-type: none"> • Wolk-rugsteun sluit dikwels outomatiese, geskeduleerde rugsteun in (wat op die agtergrond plaasvind sonder enige handmatige aksie). • Wolk-rugsteun sluit gewoonlik weergawe beheer ('version control') in, wat beteken dat jy vorige weergawes van lêers kan herstel. • Wolk-rugsteun is geoptimaliseer vir vinnige en doeltreffende herstel van groot hoeveelhede data. • Wolk-rugsteundienste bied gewoonlik meer robuuste enkripsie en sekuriteit. <p>Enige twee ✓ ✓</p>	(2)
	5.5.2	<p>Wolkberging vs wolkrugsteun</p> <p>Wolk-rugsteun: Wolk-rugsteun is 'n tipe wolkberging wat spesifiek gebruik word om jou data outomaties van 'n toestel na die wolk te kopieer en te stoor vir herstel. ✓</p> <p>Wolkberging: Wolkberging verwys na die stoor van data (soos dokumente, foto's of video's) op afgeleë bedieners waarna via die internet toegang verkry kan word. ✓</p>	(2)
5.6		<p>Bladsy nie gevind nie ('Page not found')</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die ontwikkelaar het dalk 'n webblad verwyder of herbenoem sonder om 'n behoorlike herleiding ('redirect') op te stel. • Die ontwikkelaar het moontlik interne of eksterne skakels geskep of opgedateer met verkeerde of verkeerd gespelde URL's. • As die ontwikkelaar foutiewe kode of gebroke skakels/hiperskakels het. <p>Enige een ✓</p> <p>Nota: Die antwoord moet wys na 'n stukkende skakel/iets wat die ontwikkelaar gedoen het.</p>	(1)
			[15]



VRAAG 6: INLIGTINGSBESTUUR			
6.1	6.1.1	<p>Radioknoppies</p> <p>Vir vrae waar respondente slegs een opsie uit 'n lys kan kies. ✓</p> <p>Nota: Aanvaar 'n gepaste voorbeeld. Die voorbeeld moet aandui dat slegs een opsie gekies kan word.</p>	(1)
	6.1.2	<p>Merkblokkies</p> <p>Vir vrae wat veelvuldige keuses uit 'n lys opsies toelaat. ✓</p> <p>Nota: Aanvaar 'n gepaste voorbeeld. Die voorbeeld moet aandui dat verskeie opsies gekies kan word.</p>	(1)
	6.1.3	<p>Aftreklis</p> <p>Opsies word as 'n <u>lys van opsies</u> aangebied. ✓</p>	(1)
	6.1.4	<p>Datumselekteerder</p> <p>Om datums te kies. ✓</p>	(1)
6.2	<p>Databasisnavrae voordelig vir die ontleding van data</p> <ul style="list-style-type: none"> • Haal/filtreer spesifieke data uit 'n databasis gebaseer op gedefinieerde kriteria. • Sortering van data. • Kan berekeninge uitvoer (gemiddeldes, totale, tellings, ens.). • Kan resultate van navrae groepeer. • Kan resultate van navrae wys of versteek. <p>Enige twee ✓ ✓</p>		(2)
6.3	<p>Grafiek elemente</p> <ul style="list-style-type: none"> • Datawaardes op stawe • Legende • Roosterlyne • Tendenslyn, gemiddelde of gemiddelde lyn <p>Enige twee behalwe etikette en die titel ✓ ✓</p>		(2)
6.4	<p>Bibliografie vs aanhaling</p> <p>Bibliografie: 'n Lys van al die bronne waarna jy gekyk het terwyl jy navorsing gedoen het, selfs al het jy dit nie in jou werk genoem (na verwys) nie. ✓</p> <p>Aanhaling: 'n Lys van slegs die bronne wat jy direk aangehaal het (gee erkenning aan die oorspronklike outeur) in jou werk. ✓</p>		(2)
			[10]



VRAAG 7: SOSIALE IMPLIKASIES			
7.1	7.1.1	<p>Soek met aanhalingstekens</p> <p>Die resultaat sal presies ooreenstem met die frase/woorde tussen aanhalingstekens. ✓</p>	(1)
	7.1.2	<p>Minusteken soektog</p> <p>Die woord met die minus voor dit sal nie in die resultate wat teruggestuur word ingesluit word nie. ✓</p>	(1)
7.2	<p>Deelware ('Shareware') – produksleutel</p> <p>Ja, ✓ as jy die produk koop (nadat jou proeftydperk verstryk het) kan jy gevra word om 'n produksleutel in te voer. ✓</p> <p>Nota: Ken slegs punt vir JA toe slegs as die motivering korrek is.</p>		(2)
7.3	<p>Uitvissing ('phishing') vs Smishing</p> <p>Uitvissing vind gewoonlik deur 'n e-pos plaas. ✓</p> <p>Smishing, (kort vir "SMS-phishing) behels die gebruik van teksboodskappe (SMS). ✓</p>		(2)
7.4	7.4.1	<p>Sleutelvaslegger verduideliking</p> <p>'n Sleutelvaslegger is 'n soort sagteware of hardeware wat ontwerp is om elke sleuteldruk aan te teken. ✓ Dit werk in die geheim/sonder die gebruiker se kennis. ✓</p> <p>Nota: Moenie 'n punt toeken as die kandidaat aandui dat data ingesamel word nie, aangesien dit in die volgende vraag gegee word. Kandidate moet noem dat sleutels wat gedruk word aangeteken word.</p>	(2)
	7.4.2	<p>Kwaadwillige bedoelings van sleutelvasleggers</p> <ul style="list-style-type: none"> • Diefstal van sensitiewe inligting • Identiteitsdiefstal • Ongemagtigde toegang • Afpersing • Die verspreiding van kwaadwillige sagteware <p>Enige een ✓</p>	(1)
7.5	<p>Gevolge as e-posprogram .exe aanvaar</p> <p>Hierdie lêers kan kwaadwillige sagteware bevat (soos virusse, trojans, wurms of losprysware, ens.) ✓</p>		(1)
			[10]



VRAAG 8: OPLOSSINGSONTWIKKELING			
8.1	E-posfunksie vertoon nie ontvangers nie. Bcc ✓		(1)
8.2	8.2.1	Funksies wat vir itemkode gebruik word Left ✓ Randbetween ✓	(2)
	8.2.2	VLOOKUP parameters H2: Die item waarna jy soek. ✓ False: Die uitset sal presies dieselfde wees as die item waarna jy soek. ✓	(2)
	8.2.3	Word wrap B1 ✓	(1)
	8.3	8.3.1 Medium datum 31-Jan-17 ✓	(1)
	8.3.2 Beheer vir Graad veld Die filter eienskap ✓	(1)	
	8.3.3 Navraag Al die rekords sal vertoon word ✓ want die datum is in die OR(OF)-kriteria en alle datums in die tabel sal by die gespesifiseerde datum ingesluit word. ✓	(2)	
	8.3.4 Navraag Name – Naam: Like "B*" ✓ Grade – Graad: 10 ✓ Nota: Ken punt toe vir Naam ('Name')-kriteria as 'Like' weggelaat word.	(2)	
8.4	Doel van HTML-kodebrokkie Wanneer die gebruiker op die pic1.jpg skakel klik ✓, sal die webblad Page1.html gelaai word. ✓		(2)
8.5	<p> </p> en
 Beide hierdie reëls/etikette sal 'n leë reël in 'n HTML-dokument byvoeg. ✓		(1)
			[15]
			TOTAAL AFDELING B: [75]



AFDELING C: GEÏNTEGREERDE SCENARIO

VRAAG 9: INTEGRASIE			
9.1	9.1.1	Spesifikasies dat Rekenaar B verwerk vinniger Verwerker (Intel Core I7) ✓ Geheue (16 GB RAM) ✓	(2)
	9.1.2	Hoekom by die betaalpunt gebruik? Die volgende is by die spesifikasies ingesluit: 'n Strepiekodeskandeerder ✓ Verkooppunt (POS) ✓	(2)
	9.1.3	Grafika van rekenaar A vs rekenaar B Geïntegreerd: Deel die stelsel se geheue. ✓ Toegewyde: Gebruik sy eie geheue/VRAM (op die grafika kaart). ✓	(2)
	9.1.4	Multitaak beskrywing Multitaakverwerking verwys na die vermoë om veelvuldige take/ programme ✓ gelyktydig te verwerk. ✓	(2)
	9.1.5	Vertoon poorte op nuwe rekenaars <ul style="list-style-type: none"> • DisplayPort/Mini DisplayPort • USB-C • HDMI • DVI Enige twee ✓ ✓ Nota: Moenie VGA as 'n antwoord aanvaar nie .	(2)
9.2	9.2.1	Lêersamepersing-sagteware – redes Verminder die grootte van een of meer lêers/berg meer data in dieselfde hoeveelheid spasie/dra lêers vinniger oor. ✓ Het baie lêers/vouers in een lêer gekombineer. ✓	(2)
	9.2.2	Lêersamepersing-sagteware – voorbeelde <ul style="list-style-type: none"> • WinZip - Zip • WinRar – RAR • PeaZip • 7z • TAR • Windows ingeboude kompressie • macOS ingeboude kompressie Enige een ✓	(1)



9.3	<p>Foutiewe drukker</p> <p>Sagteware:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verouderde, korrupte of onversoenbare drukker drywerprogramme. • Foute in die drukker-fermware. • Druk tou kwessies. • Konflik met ander sagteware wat op die rekenaar geïnstalleer is. <p>Enige een ✓</p> <p>Hardeware:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verbindingskwessies (bekabeld of draadloos). • Fisiese obstruksies soos papierstoring ('paper jam'). • Foutiewe sensor, motor of ander komponente. <p>Enige een ✓</p>		(2)
9.4	9.4.1	<p>Drukker keuse</p> <p>Stel die Konica Minolta 1 as die verstekdrukker. ✓</p>	(1)
	9.4.2	<p>Drukker – dokument wag</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dit dui gewoonlik aan dat daar 'n druktaak in die tou is wat wag om deur die drukker verwerk te word. • Nog 'n dokument word gedruk/die dokument is in die druktou. • Drukker is van lyn af. • Drukkerfout soos 'n papierstoring of min ink. • Die druktaak is dalk onderbreek as gevolg van een of ander probleem. <p>Enige een ✓</p>	(1)
9.5	<p>POS – beplanning vir die toekoms</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ontleding van verkoopsneigings oor tyd, wat winkeleienaars help om patrone te identifiseer. • Kliëntvoorkeure. • Intydse inligting oor die huidige voorraadvlakke vir elke produk/Verstaan wat kliënte koop. • Identifiseer stadigbewegende of verouderde voorraad om ingeligte besluite oor afslag te neem. • Evalueer die sukses van bemarkings- en promosieveldtogte. • Ontleed winsgrense om te help met die prysbepaling van toekomstige items. • Die data sal areas identifiseer waar operasionele doeltreffendheid verbeter kan word. <p>Enige drie ✓ ✓ ✓</p> <p>Nota: Antwoorde moet toekomstige beplanning aandui gebaseer op inligting van die POS.</p>		(3)



9.6	9.6.1	Dienspakket 'n Versameling opdaterings van foutoplossings. ✓	(1)
	9.6.2	Voordeel van die opdatering van OS <ul style="list-style-type: none"> • Sekuriteitverbeterings/maak kwesbaarhede reg. • Werkverrigtingverbeterings. • Verseker gladde werking met nuwe toepassings, drywers en hardeware. • Foutoplossings/herstel sagteware foute en ineenstortings. • Stel nuwe kenmerke bekend. Enige twee ✓ ✓	(2)
9.7	Nadeel van lêer sinkronisering <ul style="list-style-type: none"> • Sensitiewe inligting kan deur ongemagtigde partye verkry word. • Onbedoelde verwyderings. • As veranderinge aan 'n lêer gelyktydig op verskillende toestelle aangebring word, kan konflikte voorkom/verskillende weergawes van 'n lêer kan bestaan. • Baie lêersinkroniseringdienste bied beperkte gratis berging, en gebruikers sal dalk vir bykomende spasie moet betaal. Enige twee ✓ ✓ Nota: Sluit antwoorde uit wat met internettoegang verband hou.		(2)
			[25]



VRAAG 10: INTEGRASIE			
10.1	<p>Twee-faktor-verifikasie</p> <p>'n Werknemer moet:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Gebruikersnaam/wagwoord invoer en 'n pin in wat hulle ontvang. • 'n Pin invoer en bevestig met 'n skakel wat in 'n e-pos gestuur is. • Biometriese verifikasie verskaf en 'n pin invoer. <p>Enige voorbeeld ✓ ✓</p> <p>Nota: Een punt vir elke verifikasie metode.</p>		(2)
10.2	<p>Videokonferensies en videodeling</p> <p>Videokonferensies: Dit kan gebruik word om vergaderings te hou. ✓</p> <p>Videodeling: 'n Opname van die video kan gedeel word met mense wat nie die vergadering kan bywoon nie. ✓</p>		(2)
10.3	<p>Netwerksmoring en netwerkvorming</p> <p>Netwerksmoring: Om die algehele spoed van 'n internetverbinding te verminder. ✓</p> <p>Netwerkvorming: Om sekere tipes internetverkeer bo ander te prioritiseer. Kritieke dienste (soos VoIP of streaming) kry byvoorbeeld hoër prioriteit en bandwydte. ✓</p>		(2)
10.4	10.4.1	<p>Wat die internet is en die gebruik daarvan</p> <p>Die internet is 'n wêreldwye netwerk wat miljoene rekenaars en netwerke verbind. ✓</p> <p>EN</p> <ul style="list-style-type: none"> • Deel inligting. • Vermaak. • Kommunikeer met mekaar. • Inkopies doen. • Navorsing. <p>Enige een ✓</p> <p>Nota: Aanvaar enige rede vir die gebruik van die internet.</p>	(2)
	10.4.2	<p>Billike gebruiksbeleid</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die ISP kan dataspoed of gebruik na 'n sekere drempel beperk, om te verseker dat bandwydte vir almal beskikbaar is. • Dit is 'n reël wat 'n beperking op 'onbeperkte' internet plaas. Jou rekening sal nie beperk word nie, tensy jy te veel data gebruik. As jy dit doen, kan jou internet stadiger word. <p>Nota: Eerste punt: Jy sal nie beperk word nie. ✓</p> <p>Tweede punt: Tensy jy te veel data gebruik. ✓</p>	(2)



10.5	<p>Verlaging van opstelkoste</p> <p>Hulle kan 'n BYOD-beleid implementeer. ✓ Werknemers kan hul eie toestelle gebruik om werkverwante aktiwiteite uit te voer/die organisasie kan minder toestelle koop. ✓</p>	(2)
10.6	<p>Druk – groen rekenarisering</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dupleksdruk: Druk aan beide kante van die papier. • Drukvoorskou: Bekyk die dokument voor druk. • Drukkwaliteitinstellings: Druk in 'draft' modus/lae kwaliteit. <p>Enige twee ✓ ✓</p> <p>Nota: Moenie punte toeken vir drukwerk in grysskaal nie. Moenie die gebruik van omgewingsvriendelike lettertipes aanvaar nie, aangesien dit nie verband hou met 'n drukinstelling nie.</p>	(2)
10.7	<p>Kantoorpakket – kan nie bekostig nie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verken gratis oopbron-/vrywareprogramme as alternatiewe. • Microsoft Office 365 Education: Studente kan gratis toegang tot Office 365 kry deur hul opvoedkundige instelling. • Google Workspace for Education: Bied gratis toegang tot Google Dokumente, Blaai en Skyfies. <p>Enige twee ✓ ✓</p>	(2)
10.8	<p>Teks na spraak</p> <p>Gehoorgestremd ✓</p>	(1)
10.9	<p>OCR verduideliking</p> <p>Optiese karakterherkenning, ✓ dit word gebruik om 'n dokument te skandeer na 'n elektroniese kopie wat geredigeer kan word. ✓</p>	(2)
10.10	<p>Veranderingspoor identifikasie ('Track change')</p> <p>Elke resensent se wysigings is kleurgekodeer ✓ en gemerk (met hul gebruikersnaam/naam). ✓</p>	(2)



10.11	10.11.1	<p>Fout in webblad</p> <p><h1 style="color:red; font-size : 40px;" Opskrif</h1> ✓ Nota: Die := moet wees :</p> <p><h1 style="color:red;font-size:40px;" > Opskrif</h1> ✓ Nota: Die > moet ingesluit word.</p>	(2)
	10.11.2	<p>Doel van die titelafdeling</p> <ul style="list-style-type: none"> • Wanneer gebruikers 'n bladsy boekmerk of dit by hul gunsteling voeg, word die titel dikwels as die versteknaam vir die boekmerk gebruik. • Soekenjins gebruik dikwels die titel van 'n webblad as deel van die soekresultate. • Skermlesers en ander ondersteunende tegnologieë gebruik die titel om gebruikers van inligting oor die inhoud en doel van die bladsy te voorsien. <p>Enige twee ✓ ✓</p>	(2)
			[25]
TOTAAL AFDELING C: [50]			
GROOTTOTAAL: [150]			